

Graan SA Oggend Markkomentaar

DATUM 2021/10/25	DATUM 2021/10/22		+ - LAST WEEK 2021/10/18		BY DIE GELD PUT OPSIE VIR JUL 2022		
	Δ	Δ%	Δ%	Data	WM	YM	
DJIA-index	35677	73.94 ↑	0.21%	35603	↑	1.1%	35295
Goud (Spot)	1800.28	16.83 ↑	0.9%	1783.45	↑	1.8%	1768.74
Brent \$/vat	85.27	1.33 ↓	1.6%	83.94	↓	-0.5%	85.68
1 € / US\$	1.1656	0.003 ↓	0.28%	1.1624	↑	0.7%	1.1579
1 US\$ / ZAR	14.78	0.15 ↑	1.0%	14.63	↑	0.7%	14.67
Corn	R 3,130.39	65 ↑	2.1%	R 3,065.22	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day		
Wheat	R 4,105.62	121 ↑	3.0%	R 3,984.40	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day		
Soybeans	R 6,627.65	48 ↑	0.7%	R 6,579.74	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)					WEEK NR.		
Corn Dec 21	538.00	5.80 ↑	1.1%	532.20	24 WM YM TM		
Wheat Dec 21	756.00	14.80 ↑	2.0%	741.20	WEEK TOTAAL 8,689 48,266 56,955		
Soybeans Dec 21	1220.40	-3.60 ↓	-0.3%	1224.00	JTD TOTAAL 237,092 1,612,366 1,849,458		
PLAASLIKE MARKINLICHTING					UITVOERBAAR 580,000 1,900,000 2,480,000		
SORGHUM Dec 21	4230.00	0.00 ↑	0.0%	4230.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR 41% 85% 75%		
WMAZ Spot	3133.00	2.00 ↑	0.1%	3131.00	TEMPO/WEEK BENODIG 12,247 10,273 22,519		
WMAZ Dec 21	3140.00	-16.00 ↓	-0.5%	3156.00	WEEK TOTAAL 18,290 8,928 27,218		
WMAZ Jul 22	3095.00	-6.00 ↓	-0.2%	3101.00	JTD TOTAAL 8,106,152 6,947,102 15,053,254		
YMAZ Spot	3257.00	-5.00 ↓	-0.2%	3262.00	NOK SKATTING - REGSTELLINGS 8,524,565 7,111,700 15,636,265		
YMAZ Dec 21	3297.00	-11.00 ↓	-0.3%	3308.00	% GELEWER VAN OES 95% 98% 96%		
YMAZ Jul 22	3219.00	1.00 ↑	0.0%	3218.00	WEEK 3		
SOY spot	7261.00	-7.00 ↓	-0.1%	7268.00	KORING INVOERE		
SOY May 22	7072.00	-13.00 ↓	-0.2%	7085.00	WEEK TOTAAL 17,124 101,819 64,739		
SUN Spot	10717.00	-105.00 ↓	-1.0%	10822.00	JTD TOTAAL 162,122 171,206 72,323		
SUN May 22	8680.00	100.00 ↑	1.2%	8580.00	TOTAAL BENODIG 1,525,000 1,474,921 1,631,661		
WHEAT Spot	5878.00	28.00 ↑	0.5%	5850.00	JTD AS % VAN BENODIG 11% 12% 4%		
WHEAT Dec 21	5721.00	30.00 ↑	0.53%	5691.00			
WHEAT Mar 22	5822.00	24.00 ↑	0.41%	5798.00			

NUUTSTE MARKINLICHTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die JSE het Vrydag die beste wins in twee weke behaal, aangesien China se Evergrande op die rand van bankrotkap teruggekeer deur 'n betaling aan internasionale verbandhouders te doen, en te voldoen aan die 30-dae grasietydperk wat die groep gegee is nadat die oorspronklike sperdatum misgeloop is. Die JSE se indeks van alle aandele het Vrydag met 1.5% geklim, die Hulppronne-10 indeks het met 2.5% hoër verhandel, die Industriële-25 indeks is op met 1.44% en die Finansiële-15 indeks het met 0.21% in die groen gesluit. Die afgelope paar weke het verhoogde geopolitieke spanning en aanbodsbeperkings kommoditeitspryse geëndeerd wat die vraag na die Suid-Afrikaanse Rand verhoog het. Omdat die Chinese eiendomsreus Evergrande kortliks aan 'n wanbetaling van een van hul effekte ontsnap het, het tydelike verligting die vraag na geldende hande van ontluikende markte verhoog en gevolglik die Rand laat terug beweeg onder die R14.60/\$ vlak. Die motorhandelaar CMH, wat op die JSE genoteer is, se 'n samesmelting van internasionale en plaaslike faktore het dit al hoe moeiliker gemaak om goeie tweedehandse voertuie in Suid-Afrika te vind. In die resultate van die groep wat Dinsdag (19 Oktober) gepubliseer is, het CMH opgemerk dat oorsese Covid-19-gerelateerde fabrieksluitings ontwrigting veroorsaak het in die komponentvoorsieningskettings, hoofsaaklik uit China en Indië. Die tekort aan nuwe voertuigvoorraad het gelei tot minder verkope en gevolglik minder inruilings in tweedehandse voertuie. Boonop is motorverhuurders se vermoë om verouderde vlootenehede te vervang belemmer. Hierdie faktore het gesamenlik 'n gebrek aan geskikte, goeiekoop gebruikte voertuie veroorsaak. Die gevolg was dat die prys van gebruikte motors winniger gestyg het as die van nuwe motors, aangesien die vraag na voorraad van hoë gehalte toegeneem het. China se Evergrande groep het Sondag gesê dat werk hervat is in meer as 10 projekte in ses stede. Die verklaring kom nadat die groep verlede week wanbetaling vermy het deur 'n koopontbetaling te gemaak het. Evergrande is diep in 'n krisis met meer as \$ 300 miljard se aanspreeklikhede. Asiatiese markte het Vrydag gemeng verhandel. Suid-Korea se Kospi indeks het met 0.04% gedaal, Hong Kong se Hang Seng indeks het met 0.42% gedaal, Japan se Nikkei-225 indeks het met 0.34% geklim en China se Sjanghai saamgestelde indeks het met 0.34% gedaal. Australië se S&P/ASX-200 indeks het Vrydag onveranderd gesluit. Europese markte het Vrydag in die groen verhandel. Duitsland se DAX prestasie indeks het met 0.46% geklim, Frankryk se CAC-40 indeks het met 0.71% hoër verhandel en die Verenigde Koninkryk se FTSE-100 indeks het met 0.2% in die groen gesluit. Brent ru-olie het Vrydag se sessie geopen teen \$84.76/vat en het die sessie 0.95% hoër afgesluit teen \$85.51/vat. West Texas Intermediêre ru-olie het Vrydag geopen teen \$82.89/vat en het die sessie afgesluit teen \$84.56/vat. Amerikaanse aandele het Vrydag hoofsaaklik in die rooi verhandel. Die Nasdaq saamgestelde indeks het met 0.82% gedaal, die S&P500 indeks het met 0.11% gedaal en die Dow Jones Industriële indeks het met 0.21% hoër gesluit.

Mielies: Strategy Grains het sy voorspelling vir die Europese Unie se 2021 mielie-oes verhoog. Strategy Grains het in sy maandelike graanverslag 2021 mielieproduksie in die Europese Unie verhoog van 64.9 miljoen ton tot 67.5 miljoen ton. Die Europese Unie het in 2020 'n totale mielie-oes van 64.6 miljoen gestroop. Die hoër produksievooruitsigte het daartoe gelei dat Strategie Grains sy voorspelling vir die invoer van EU-mielies in die 2021/22 seisoen verminder het tot 13.9 miljoen ton van verlede maand se beraming van 14.4 miljoen. FranceAgriMer het Vrydag bekend gemaak dat die stroopproses van Frankryk se 2021 mielie-oes goed vorder en dat 32% van die land se mielie-oes klaar gestroop is tot en met 18 Oktober in vergelyking met die week voor dit se 15%. Die oesvordering by egter ver agter die tempo van verlede jaar toe 75% van die oes in dieselfde stadium klaar geoes is. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliehandel het Vrydag swakker verhandel. Die Desember witmielietermynkontrak het met 0.51% (R16/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3140/ton. Die Desember geelmielietermynkontrak het met 0.33% (R11/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3297/ton. Die Maart 2022 witmielietermynkontrak het met 0.41% (R13/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3161/ton. Die Maart 2022 geelmielietermynkontrak het met 0.15% (R5/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3314/ton. Die Mei 2022 witmielietermynkontrak het Vrydag onveranderd gesluit op R3108/ton. Die Mei 2022 geelmielietermynkontrak het Vrydag onveranderd gesluit op R3219/ton. Die Julie 2022 witmielietermynkontrak het met 0.19% (R6/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3095/ton. Die Julie geelmielietermynkontrak het met 0.03% (R1/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R3219/ton.

Sojabone: Amerikaanse sojaboontpryse het Vrydag matig laer beweeg namate handelaars spekulêr dat indien kunsmispryse hoog sal bly daar van die beplande 2022 mieliehektare oorgeskakel sal word na sojabone toe. Dit is nie ongewoon dat ontleders debatteer voor die aanplant van 'n nuwe Amerikaanse mielie- en sojaboone oor hoeveel hektare geallokeer gaan word na beide van die gewasse nie, hoewel stygende produksiekoste die bespreking gaan bemoeilik vanjaar. Stygende kunsmispryse veroorsaak dat ontleders die verwagtinge van die volgende mielie-are van volgende jaar laat afneem. Die koste vir kunsmis wat op stikstof gebaseer is en wat hoofsaaklik op mielies gebruik word is ongeveer dubbel die prys van die vorige jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboontprys het Vrydag swakker verhandel. Die Desember sojaboontermynkontrak het met 0.81% (R59/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7241/ton. Die Maart 2022 sojaboontermynkontrak het met 0.93% (R68/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7268/ton. Die Mei 2022 sojaboontermynkontrak het met 0.18% (R13/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7072/ton. Die Julie 2022 sojaboontermynkontrak het met 0.01% (R1/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R7179/ton.

Koring: Amerikaanse koringpryse het Vrydag sterker verhandel weens die sterker wêreldvraag en produksie-uitdagings in die VSA wat tegniese aankope aangespoor het. Die Oekraïne se Ministerie van Landbou het Vrydag bekend gemaak dat die land ton met hede 56.3 miljoen ton graan geoes het met 76.5% van die gesaai oppervlakte klaar geoes. Die volume sluit 32.3 miljoen ton koring in, 9.6 miljoen ton gars, 11.2 miljoen ton mielies en 'n klein volume ander grane. Gunstige weer kan die Oekraïne help om vanjaar 'n rekord van 80.3 miljoen ton graan te oes teenoor die 65 miljoen ton in 2020. Die Buenos Aires graanbeurs voorspel dat Argentinië 'n 2021/22 rekord koringoes kan bereik weens onlangse reën in die belangrikste produksiestreke van die land. Argentinië wat 'n groot koringuitvoerder is veral na die naburige Brasilië sal na verwagting 'n rekord van 19.2 miljoen ton koring hierdie seisoen sal stroop. Die stroopproses van Argentinië se koringoes sal na verwagting einde vanjaar ernstig begin en tot Januarie duur. Die USDA se Oktobermaand WASDE verslag beraam dat Argentinië 20 miljoen ton koring sal stroop in die 2021/22 bemarkingsjaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringhandel het Vrydag hoofsaaklik sterker verhandel. Die Desember koringtermynkontrak het met 0.53% (R30/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R5721/ton. Die Maart 2022 koringtermynkontrak het met 0.41% (R24/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R5822/ton. Die Mei 2022 koringtermynkontrak het met 0.1% (R6/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R5848/ton. Die Julie 2022 koringtermynkontrak het Vrydag onveranderd gesluit op R5838/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Markus Monteiro / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

